

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
16 April 1978

Onderwerp: Die eis van die liefde

Lees: 1 Korinthiërs 13

Teks: 1 Korinthiërs 13

Sing: Psalm 147 verse 1 en 7
Gesang 62 vers 4

“Hierdie aangrypende lied van die liefde is bekende woorde. Ons het van kindstyd af daarmee groot geword.

“Die eerste vraag is, wat gaan deur ons gedagtes as ons hierna luister? Het ons hier te doen met ’n romantiese atmosfeer van maanskyn en rose? Bring dit ons in ’n stemming - iets soos die stilte van die aand; of die koelte van ’n skaduwee, as ons daarna luister? Is 1 Korinthiërs 13 ’n rusplek vir die swerwer, ’n plek waar hy van die harde stryd van die lewe toegevoeg word deur die warmte van die liefde?

“Miskien is dit so vir sommige mense.

“Vir my is hierdie hoofstuk soos die strale van die son wat neerbrand op ’n uitgedroogde land. Dit is soos ’n verblindende lig wat neerslaan, ’n vlam waarvoor jy wegdeins, want dit skroei. Dit is ’n lied wat iets van skrik inhou. Dit maak ’n mens bang en klein. Dit laat jou stamel: Asseblief Here!

“Waarom?

“Omdat die liefde hier as gebod gegee word; en dan die pynlike werklikheid dat ons hierdie gebod so uitdagend geweld aandoen. Omdat die liefde hier gestel word as die enigste geldige motief vir al ons dae; en daarteenoor staan die armoede van ons motiewe. Omdat die liefde hier vir ons in sy dieptes verduidelik word, die egte produk word vir ons hier uitgestal; en daarteenoor die skrikwekkende kontras van ons nagemaakte liefde wat ons met vroom gesigte as liefde wil aanbied. Omdat die liefde hier as die alles oorkoepelende bestaanwyse van die gelowige gestel word. 1 Korinthiërs 13 gaan oor die volle wet van God wat liefde tot God en die naaste eis. Daarom brand dit soos die son. En ons moet sê: Asseblief Here!

“Só word hierdie hoofstuk die aanklaer. Dit word ’n droewige lied wat vertel van die groot skande in die

kerk. Broers en Susters, hier is ons dikwels so liefdeloos. Hier word dikwels veel geknoei en geskinder en gehaat. Hier bou mense hulle heilige huisies en ringmuurtjies waaragter hulle, hul verskans. Die offer en warmte en bereidwilligheid lê in puin. Die mense buite die kerk maak 'n grap van wat ons kenmerk behoort te wees: die gemeenskap van die heiliges. En dit Broers en Susters, is dikwels een ontsaglike leuen, 'n bedrog voor God en die mense.

“Toe die kerk sy onderskeid in vergelyking met die wêreld verloor het, het die sout binne die kerk laf begin word. En hierdie andersheid lê basies daarin dat die kerk 'n kragtige demonstrasie moet wees van 'n liefdesgemeenskap.

“1 Korinthiërs 13 word 'n droewige lied van gelowiges se vriendskappe wat vlak en saaklik geword het; van gelowiges se huwelike wat gevul is met vermomde vorme van haat; van gelowiges se menslike verhoudings wat gevul is met agterdog en jaloesie en skyn en die swaard wat wond. Dit is 'n klaagsang van God oor sy sterwende mense, wat afgeleer het om Hom lief te hê. Want 1 Korinthiërs 13 praat van liefde vir God en die naaste. As ons die liefde nie het nie, sal ons niks wees nie. En dit is wat ons besig is om te word. Niks! 'n Kerk sonder invloed; 'n gemeente sonder vlam; mense sonder krag. Luidrugtig soos simbale en metale wat klink - grootdoenerig in ons barmhartighede en woorde. Maar dit sal my niks baat nie.

“1 Korinthiërs 13 omsluit ons. En terwyl die hamerhoue van die liefdes-eis op ons val, bly daar een ding vir ons oor. En dit is om te sê: Asseblief Here! Here ons kan ons maar net beroep op U liefde. Op die barmhartigheid van Christus Jesus.

“1 Korinthiërs 13 bring ons op ons knieë voor die kruis van Jesus - hande wringend en verleë: Asseblief Here!

“By die neerslaende krag van hierdie hoofstuk, wil die HERE ons ook leer wat die liefde is wat ons moet najaag. As 'n mens hierdie hoofstuk só lees, bly een gedagte vassteek. Die liefde is geen kinderspel nie. Want om lief te hê, vra krag. Dit vra lankmoedigheid. Dit is om te wag; te wag op die HERE en te wag op jou naaste, geduldig te wag totdat die deur weer oopgaan; te wag totdat die Vaderhand jou weer oprig; te wag totdat jou man of vrou wat van jou vervreem is, weer nader kom. En om te wag is nie kinderspel nie.

“Die liefde vra vriendelikheid. Dit is meer as 'n skynheilige glimlag of 'n buigingkie van etiket.

Vriendelikheid is die gesindheid van goedheid, van openheid en deernis. Dit is 'n reuse taak.

“Die liefde is nie jaloers nie. Dit is nie ingestel op die self nie. Dit konsentreer op ander.

“Dit is mededeelsaam en belangstellend. Dit soek die ander se belang. Dit is iets wat jy weggee vir ander. En dit is 'n groot saak.

“Die liefde vergewe. Dit verwyt nie. Dit vergeld nie. Dit haal nie ou koeie uit die sloot nie. Dit verban wraakgedagtes. Dit oorwin aggressie. Dit aanvaar en vergeet. Dit begin altyd weer voor.

“In die liefde is daar geen rekenkunde nie. As Jesus sê dat om sewentig maal sewe keer te vergewe nie genoeg is nie, beteken dit dat vergifnis oneindig is.

“In liefde is daar geen agterdog nie.

“Die liefde wanhoop nie.

“Dit kruip op die knieë en maak die skerwe bymekaar om alles vir die soveelste keer heel te maak.

“Dit verdra, soms klaende, soms verlangend, soms sugtend, maar steeds bly die liefde soos 'n vors regop staan in die krag van gelowige bewustheid.

“Daar is geen sentimentaliteit of stroperige romantiek nie. Die liefde is 'n volwasse mens se werk. Dit is 'n lewenshouding van gespierdheid en gereedheid.

“Ons maak so dikwels 'n mislukking van die liefde. Is die kernrede nie omdat ons die krag mis nie? Is dit wat agter ons mislukking sit, ons onvolwassenheid? Ons is so verbasend kinderagtig in ons verhouding tot God en ons naaste. Eintlik is ons swakkeling. Daarom kan ons nie liefhê nie. Soos 'n kind wil ons voor God ons sin en wil deurvoer. Vir alles eis ons beloning. Ons staak of sit dikmond eenkant as ons nie ons sin kry nie.

“1 Korinthiërs 13 sê vir ons dat ons moet klaarkry met die dinge van 'n kind, want ons moet liefhê.

“En dit is 'n volwasse se werk.

“Verder het ek opgemerk dat hierdie hoofstuk ons die groot vrug van die liefde voorhou, naamlik nederigheid. As jy liefhet word jy nederig in jou roem. As jy lief het, verdwyn die selftevredenheid en aanstellerigheid. As jy lief het, dan weet jy dat alles ten dele is. Dan stel jy nie hoë eise nie. Dan vereenselwig jy jou met jou naaste. En so loop die liefde uit op selfverloëning.

“Broers en Susters, 1 Korinthiërs 13 is 'n veroordeling, maar ook 'n uitnodiging. Want as ons die liefde kan vind, dan verander ons lewens. Dan sal ons

volwassenheid en krag terugkom; dan sal die geseënde nederigheid ons deel wees.

“Ons moet nie hierdie hoofstuk probeer afmaak met die gereformeerde argument dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat nie.

“Daar staan ook geskrywe dat ons die haat moet ontvlug en dat ons die roeping het om ons met die liefde te bekleed. Ons moet ’n ommekeer maak na die liefde toe. Dit moet die hoof agendapunt wees van ons bekering: om God lief te hê; om ons geswore vyandskap te oorwin; om vervreemding in die huwelik en gesin weer heel te maak met die liefde.

“Dit is praktiese Christenskap.

“En dit is dringend nodig, want God gaan ons met 1 Korinthiërs 13 tot verantwoording roep as ons nie luister nie.

“Alles kan weer nuut word, weer helder en eenvoudig word, as ons kan liefhê.

“Maar dit is geen kinderspel nie.

“Dit is ’n man se werk.

“Amen.”